

# Hý ís die goeie herder

**Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:11**

In sy eie woorde – in een van sy Ek-is-uitsprake – het Jesus gesê wie Hý ís. Soos in vier kwashale teken Jesus waarom Hy die goeie herder is: Hy gee nie sy skape prys aan 'n wolf nie (10:12, 13); Hy ken sy skape (10:14); Hy lei sy skape roepend op hulle name (10:3, 4). Vierdens noem Jesus drie keer waarom Hy die goeie herder is: “Ek lê my lewe af vir die skape” (10:11, 15, 17).

Vandag herdenk ons Jesus se aflegging van sy lewe aan die kruishout op Golgota. Dit staan in teenstelling met dié van diewe en rowers. Hulle neem die lewe van die skape, maar Jesus gee sy lewe vir sy skape. Sy lewe is Hom ook nie ontnem nie, maar Hy het dit afgelê om sy skape van 'n verskriklike dood te verlos wat hulle andersins verlore in sondeskuld sou gesterf het (10:17, 18). Die goeie herder het sy siel vir sy skape uitgestort om hulle die lewe in oorfloed te gee (10:10).

In die Goeie Herder wat sy lewe vir die skape afgelê het, vier ons in die ware sin van die woord

Goeie Vrydag. Die goeie herder het Homself as offerlam gegee. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:5). Met die skat van vertroosting wat Hy vir my – andersins verlore skaap in sonde-ellende – verwerf het, verklik Hy my siel (Ps. 23:3). Vir elke gelowige is dit 'n blywende troos om die goeie herder te ken.

Luister jy na Hom? Volg jy Hom? Dit is immers kenmerke van die geloof in die goeie herder wat sy lewe vir die skape afgelê het.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H27